TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 8/1/2017 **Datum: 2 Maart 2017**

Uit die kantoor:

Terugvoering

Die Beheerliggaam en Finansiële komitee het verlede week vergader en ek gee die volgende deur:
1.Skoolgeld: Ongeveer 500 gesinne betaal per debietorder wat verseker dat die skoolgeld stiptelik op die 1ste van elke maand gevorder word. Hiervoor is die BL baie dankbaar en dit help geweldig met die nakom van ons verantwoordelikhede. Hulle doen egter 'n beroep op alle ouers om dit te oorweeg. Onthou dat daar R60 pm korting is, sou u dit doen. Heelwat ouers doen stiptelike en gereelde EFT betalings waarvoor hulle dankie sê.

Ouers wat egter in gebreke bly om stiptelik en getrou te betaal, sonder om 'n pertinente reëling met die finansiële kantoor te maak, skep 'n groot administratiewe las op die kantoor om invordering te doen, aanmanings te stuur en oorhandiging te maak. Die BL rig 'n vriendelike versoek aan hierdie ouers om hulle skoolgeld getrou te betaal. Dit is tog onregverdig om te verwag dat ander ouers u kind moet subsidieër. Die skool werk op 'n gelykbreek-begroting en het nie ekstra fondse nie.

Volgende week berig ek ook oor die volgende:
* Bloekomboom ("Love tree")
* Parkie in Louis Bokstraat
* Snoepie

BELANGRIKE DATUMS

3 Mrt: Biddag vir vroue. Ons bid vir ons juffrouens en dogters. Alle dogters van Gr 1 – 7 trek wit en blou aan vir die skooldag. Die tema is "Genade".

0/13 SVS Hokkieproewe

4 Mrt: Voortrekker spesialisasiedag.

5 Mrt: Interim buitemuurse rooster is van toepassing.

7 Mrt: Gr 1 netbalkliniek. Seker die outjies het briewe gekry.

8 Mrt: 0/13 rugby aandliga

Gr 1 netbalkliniek

9 Mrt: Gr 4 – 7 leerlinge ontvang hulle einde vd kwartaal toetswerk

0/11 rugby aandliga

VERJAARSDAE

5 Maart: Juf Phelicia Jacobs, gr 3.

INTER MET ALIWAL-NOORD

Let asb daarop dat Aliwal gevra het om die datum van 6 Mei na 13 Mei te skuif. Dit vind by Tjokkies plaas.

VOORTREKKERS

4 Maart Spesialisasiedag

Die onderskeie grade se Voortrekkers kom as volg bymekaar:

Gr. 3 - Grey Laerskool (swembad)
Gr. 4 – Bfn. Laerskool
Gr. 5 – Tjokkies
Gr. 6 – Vrouemonument

10 Maart

'n Gesinsdag vir die hele skool word deur die Voortrekkers aangebied. Die kruiwa-derby begin om 17h00 en die instapfliek op die rugbyveld begin om 19h00. Brief met meer volledige inligting sal sirkuleer.

PERSONEELSAKE

Mnr en mev Buys se seun, Hanco, behaal sy B. Ing. Rekenaar en Elektroniese graad cum laude. Is ook aangewys as die beste student. Baie geluk!

Juf Natasha se dogter, Eduané, is aangewys as die beste dogtersatleet by die Motheo Atletiekbyeenkoms. Seker dis haar ma se gene.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

KLEUTERSKOOL DANS

Kom koop Tjokkie Bal-kaartjies!!

Datum: 24 Maart 2017
Koste: R500.00 per paar

Kom dans saam en geniet ‘n heerlike aand.

Koste sluit ‘n 2-gang maaltyd in.

Kaartjies beskikbaar by die kleuterskool of by Juffrou Blanche Tel: 072 505 2247

SKOOLKLERE (Herhaal)

Kloppers het laat weet hulle het ‘n groot uitverkoping op skoolklere, gaan loer gerus.

‘n Tjokkie-mamma doen enige herstelwerk, knope aanwerk, some, verstellings, ens. aan skoolklere. Dinsdae en Donderdae van 08h00 – 10h00 by die klerebank. Kontak Mechélle vir meer inligting: 060 986 2981

OPE-AAND SAND DU PLESSIS (18 Mei om 17:30)

Sand du Plessis Hoërskool het versoek dat ons die datum aan die Graad 7 ouers deurgee.

TELKOM LANDLYNE

Ons landlyne is tans buite werking. Dit is gerapporteer aan Telkom en ons volg daagliks op met hulle. Skakel gerus op die volgende premiesellyne as u sukkel om deur te kom – dit lui ook by die skakelbord in die kantoor:

081 267 7816 / 081 431 4846

SNUFFELS

SNUFFELS

‘n Tjokkie-mamma het die volgende skoolklere vir ‘n seun te koop in ‘n goeie toestand:
Bruin broekie nr 28
Skoolhemp nr 30
Sportklere nr 30

Skakel Jolandi by 079 490 8967

Smartschool ekstra klasse
Ons bied Middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur ‘n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer. Kontak Nelmarie by: 072 589 8069

Marlene de Lange:
Transportbesorger & Notaris
Spesialiseer in kontrakte, oordrag van eiendomme en huweliksvoorwaardekontrakte
Kontak 082 308 1655

Meenthuis te huur LHP

Ruim, netjies, losstaande eenheid.
3 slaapkamers, 2 badkamers, oopplan en modern.
Motorhuis, afdak en waskamer.
Tuin, goeie sekuriteit.
Beskikbaar 1 April, R6800pm plus deposito
Kontak 072 0646 133

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

SNUFFELS

TE HUUR

Die pastorie te Louis Bokstraat is te huur vanaf 1 Mei 2017. (in 'n stil singel agter Tjokkies).
Ruim 4 Slaapkamers, 3 badkamers, sit-, eet-, woon- en studeerkamer.
Kombuis, opwas en spens. Dubbel motorhuis plus afdakke. Huishulp kwartiere.
R11 000 per maand. Kontak André Coetzer by 071 504 5669 of Ruben Gouws by 082 364 9501.

Vrystaat Landbou Produkte se Troetel – Treats afdeling lewer nou HONDEKOS, asook 'n groot verskeidenheid troeteldierkos vir u tuis af. Kontak ons gerus vir Montego, Ideal, Supreme Pet, Wuma en verskeie ander soorte hondekos. Bestellings vir meer as R200 word GRATIS afgelewer in die stedelike gebiede van Bloemfontein. Besoek ons facebookblad of kontak ons by 051 430 3773 vir meer inligting. Bederf jou troeteldier met kwaliteit kos. Troeteldierkos op jou voorstoep.

PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS
TOETSROOSTER:

22 MAART 2017 – 29 MAART 2017

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
22 MAART WOENSDAG				EBW
23 MAART DONDERDAG	WISK	WISK	WISK	WISK
24 MAART VRYDAG	AFR	AFR	AFR	AFR
27 MAART MAANDAG	ENG	ENG	ENG	ENG
28 MAART DINSDAG	SW	SW	SW	NW/TEG
29 MAART WOENSDAG	NWT	NWT	NWT	SW

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com